


## Lien Botha

Om te skep, maak Lien (40) gelukkig. En om van agter die lens van 'n kamera te skep, of dit kommersieel of kuns is, maak haar al 20 jaar lank van harte gelukkig. Sy is deeltydse dosent aan die Michaelis School of Fine Art aan die Universiteit van Kaapstad. Lien en haar man, Raymond Smith, woon in Observatory, Kaapstad.

**Hoe lyk die Afrikaanse vrou van 2001 vir jou?**
Net so tuis in Parys, Frankryk as in Parys, Suid-Afrika.

**Stem bogenoemde siening ooreen met die manier waarop jy vroue uitbeeld?**
Grotendeels, ja. Elke mens beskik oor 'n eie kartografie, en wanneer ek deur die lens kyk, poog ek om iets daarvan te verbeeld. Dis dikwels juis nie die ooglopende skoonheid wat vir my van belang is nie, maar eerder 'n mens met 'n litteken en 'n verbysterende lewensverhaal.

**Wat sal jy as 'n eiesoortige kenmerk van vandag se vrou uitsonder?**
Haar vermoë om 'n loopbaan saam met 'n persoonlike lewe in stand te hou.

**Hoe behoort vroue vandag fotografies uitgebeeld te word?**
Met die respek en empatie wat hulle toekom. Daar is genoeg fotograwe wat dit dekades lank reeds doen en sal aanhou doen omdat hulle weet dat 'n vrou onsterflike verlangens in haar ronddra.

**Is Afrikaanse vroue anders as ander vroue?**
Oënskynlik nie, maar as sy haar mond oopmaak hoor jy "klanke soos vere val" en daarom het ons woordtowenaars soos Antjie Krog.

**Het fotograwe se siening van vroue en hoe hulle uitgebeeld word, verander sedert jy begin werk het?**
As 'n vroulike fotograaf nóú nog seksistiese opmerkings langs 'n rugbyveld moet aanhoor wanneer sy foto's vir 'n koerant skiet, beveel ek aan dat sy doepa in haar driepoot wegsteek. Tog glo ek daar is vandag 'n gesonde ewewig in hierdie beroep - minstens 50 persent van my fotografiese kennisse is vroue.

LIEN SKENK HAAR VERGOEDING AAN MOSAIC - WOMEN IN NEED, 'N LIEFDADIGHEIDS-ORGANISASIE WAT GOEIE WERK ONDER VROUE IN DIE WES-KAAP DOEN